## Wie ons is

Ons is die Departement van Plaaslike Regering in die Wes-Kaap wat deur die Grondwet belas word met die verantwoordelikheid om munisipaliteite te ondersteun en te monitor om dienste aan gemeenskappe te lewer. Hierdie verantwoordelikheid is in die Departement deur sy visie en missie geïnstitusionaliseer.

## Ons Visie en Missie

'n Doeltreffende en dinamiese span wat goed regeerde munisipaliteite in staat stel om dienste aan gemeenskappe te lewer in 'n responsiewe, volhoubare en geïntegreerde wyse.


Om munisipaliteite te monitor, te koördineer en ondersteun om doeltreffend te wees in die uitvoering van hul ontwikkelings mandaat.

Om dienslewering deur gesonde administrasie en die betrokkenheid van alle vlakke van regering en sosiale vennote te fasiliteer.

Om munisipaliteite in staat te stel om aan hul mandaat te voldoen deur goeie beplanning, implementering, IGR , ondersteuning, volhoubare infrastruktuur en kapasiteit te bou en wetlike ondersteuning.

first time RIGHT

## Wie is in beheer?



Ons Minister is **Anton Bredell**. Hy is 'n verkose politikus wat verantwoordelik is vir die beheer oor die Departement se aktiwiteite in ooreenstemming met nasionale en provinsiale regeringsbeleid.



Die Departementshoof is **Dr Hildegarde Fast**, 'n staatsamptenaar wat aangestel is om te verseker dat die Departement die ministeriële en regeringsaanwysings doeltreffend en doelmatig implementeer.

## Hoe het ons in 2013/2014 gevaar?

Ons was daartoe in staat om elke belofte wat ons gemaak het na te kom. Hier onder verskyn 'n paar van ons prestasies soos vervat in ons 2013/14 Jaarverslag wat ook van ons departementele webtuiste afgelaai kan word.

### Steun aan munisipaliteite ten opsigte van bestuur

Die Departement het die volgende steun aan munisipaliteite verleen:

Hoe het ons gevaar?

**In 'n neutedop**

Die Departement is hoofsaaklik verantwoordelik vir die bevordering van goeie bestuur in munisipaliteite en die verbetering van dienslewering.

- **11 munisipaliteite het steun ontvang met die aanpassing en opneming van die standaard verordening oor die ordereëls.**
- **2 munisipaliteite is met 'n intervensie ten opsigte van kritiese bestuurskwessies geondersteun.**
- **16 munisipaliteite is bygestaan met die implementering van teenkorrupsie-strategieë.**
- **In Maart is die Konsepwet S106 van die Stelselswet wat nou die Wes-Kaapse Wet op Monitering en Ondersteuning van Munisipaliteite heet deur die Provinsiale Wetgewer goedgekeur.**
- **11 munisipaliteite is bygestaan met die implementering van die nakomingsmodel.**
- **14 munisipale kodes is deur die Departement opgestel.**

2013/ 2014

## BURGERVERSLAG 2013/14



Ons werk elke jaar daaraan om openbare dienste en dienslewering in jou area te verbeter. Ons sal die Wes-Kaap **SAAM BETER** maak.

Wes-Kaapse Regering
BETER TESAME.

### Verbetering van ons diens

Die komende 2015/16 finansiële jaar sal die begin van die nuwe vyfjaarsiklus vir regering beteken. Oor die afgelope vyfjaartydperk het die Departement die meeste van sy teikens behaal. Op die pad vorentoe sal ons die impak van ons werk wat ons oor die afgelope vyf jaar gedoen het verhoog en ons vennootskap met die Provinsiale Tesourie en die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning verstewig. Ons sal seker maak dat regeringsdepartemente saam beplan vir die maksimum impak in gemeenskappe.

### Ander verwysings:

- Jaarverslag 2013/14
- Prestasiejaarplan 2013/14
- Departementele Diensleweringsmanifes

### Hoe om met ons in verbinding te tree:


**Provinsiale Minister**
**Mnr Anton Bredell**
**Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning**
Privaatsak x9186
Kaapstad
8000

**Kantoor van die Departementshoof**
**Dr Hildegarde Fast**
**Departementshoof**
Privaatsak x9076
Kaapstad
8000

Provinsiale webtuiste: **www.westerncape.gov.za**


Wes-Kaapse Regering
BETER TESAME.




## Bevordering van kommunikasie tussen munisipaliteite en gemeenskappe

Kommunikasie tussen munisipaliteite en gemeenskappe is 'n belangrike hoeksteen van ons demokrasie. In die loop van die afgelope finansiële jaar het die Departement klem gelê op sy steun aan munisipaliteite. Dit was om funksionele en doeltreffende wykskomitees te verseker en doeltreffende kommunikasie tussen munisipaliteite en gemeenskappe het plaasgevind.

- Na aanleiding van versoeke is kapasiteitsbou-inisiatiewe aan agt munisipaliteite van stapel gestuur en ses van hierdie munisipaliteite is bygestaan met die ontwikkeling en implementering van hulle kommunikasiestrategieë.
- Tien munisipaliteite is bygestaan met hulle Ken-jou-Wykskomitee-veldtog, wykskomitee-spitsberade en openbare deelname werkswinkels.
- 11 munisipaliteite is bygestaan met die ontwikkeling van operasionele planne in wyke.
- Nege munisipaliteite is bygestaan met wykskomitee-opleiding en kapasiteitsbou.

**Die Departement het 'n toesig rol gespeel op die Gemeenskapontwikkelings-werkersprogram wat bestuur is deur die Nasionale Departement van Ko-operatiewe Regering. In 2013/14 het 13 munisipaliteite hierdie program geïmplementeer en 7 748 werksgeleenthede is geskep.**

**7 748**
**GDW werksgeleenthede geskep**

## Regeringsdienste word na die mense gebring






**1.2 miljoen**
mense is deur Thusong-sentrums in die provinsie gehelp

Ontwikkeling in gemeenskappe kan slegs plaasvind as regeringsdienste wat daarop ingestel is om die verlangde veranderings in gemeenskappe teweeg te bring werklik by die bedoelde ontvangers van die dienste uitkom. Weens 'n gebrek aan inligting is baie gemeenskappe dikwels onbewus van die bystand wat hulle van die regering kan ontvang. In baie gevalle het hulle nie die middele vir toegang tot regeringsdienste nie weens die geografiese afstande wat hulle moet aflê en hoë vervoerkoste.

Met dié doel het die Departement deur die Gemeenskapontwikkelingswerkersprogram en die Thusong-program proaktief met die privaatsektor en ander vennote saamgewerk om te verseker dat gemeenskappe toegang het tot 'n wye reeks openbare dienste.

Die Gemeenskapontwikkelingswerkersprogram het die volgende bereik:

- Vier munisipaliteite is bygestaan om nuwe Thusong-sentrums te open.
- 28 Thusong-uitreikprojekte is geloods en 31 440 mense is bygestaan.

**24 826** sake verwys

**62** gemeenskapsprojekte ondersteun

**549** inligtingssessies gehou

**44** addisionele inisiatiewe van stapel gestuur

Die Gemeenskapontwikkelingswerkersprogram het die onderskeidelik die volgende bereik:

- 24 826 gevalle wat verband hou met sake soos die Werkloosheidversekerings-fonds, Ko-operasies, Vaardigheidsontwikkeling en Onderwys en Behuising is na regeringsdienste verwys.
- 549 inligtingsessies wat handel oor sake soos toegang tot Maatskaplike toelaes, Behuising, Verbruikersopvoeding en Huishoudelike geweld is gehou. 'n Verdere 44 inisiatiewe wat deur ander regeringsdepartemente geloods is, is ondersteun.
- 62 gemeenskapsprojekte, waaronder voedingsprogramme, entrepreneurskap, sopkombuise en verenigings is ondersteun.

## Ondersteuning van die kapasiteit van munisipaliteite

Die Departement word deur die Grondwet gelas om munisipaliteite te ondersteun sodat hulle daartoe in staat sal wees om hulle mandaat uit te voer. Kapasiteit in munisipaliteite het 'n direkte uitwerking op die vermoë van 'n munisipaliteit om aan sy regsmandaat te voldoen.

Deur sy Kapasiteitbouprogram het die Departement munisipaliteite op die volgende wyse bygestaan:

- By wyse van medebefondsing is sewe munisipaliteite bygestaan met kapasiteitbou-inisiatiewe wat strek van organisatoriese ontwerp, assessering van produktiwiteit, taakevaluering en Prestasiebestuurstelsels.
- 25 munisipaliteit is ondersteun met die implementering van die Wet op Munisipale Eiendomsbelasting (WMEB).
- 27 munisipaliteite is geassesseer op die stand van IKT.

**25**
**munisipaliteite ondersteun met die MPDW**

## Steun met rapporteringsvereistes

Soos deur wetgewing vereis, het die Departement werkswinkels wat gefokus het op meting en rapportering van konsekwente prestasie, versterking van monitering en evaluering en voorafbepaalde doelstellings met alle munisipaliteite gehou. Die Departement het driemaandeliks verslag gedoen oor die stand van die prestasie van munisipaliteite wat uitgeloop het op die samestelling van 'n gekonsolideerde Munisipale Prestasiejaarplan.

## Steun vir sake wat verband hou met infrastruktuur

Infrastruktuur is onontbeerlik om die lewering van dienste aan gemeenskappe te verseker. Dit is 'n gebied waar munisipaliteite uitdagings ervaar wat verband hou met 'n tekort aan vaardighede en hulpbronne wat noodsaaklik is vir infrastruktuurbeplanning, -ontwikkeling en -bestuur.

In 2013/14 het die Departement die volgende steun verleen:

- Vyf munisipaliteite is bygestaan met hoofinfrastruktuurbeplanning en implementering.
- 24 munisipaliteite is ondersteun om hulle munisipale infrastruktuurtoelaag te bestee.

**100%**
MIG uitgawes aangegaan

**Vir vier opeenvolgende jaar het die provinsie meer as 98% op Munisipale Infrastruktuurtoelaaguitgawe bereik; hierdie uitgawe het 100% bereik vir die tydperk eindigende Junie 2013. Dit maak dit die enigste provinsie wat hierdie uitgawevlak bereik het.**

## Steun met Geïntegreerde Ontwikkelingsbeplanning

Geïntegreerde Ontwikkelingsplanne (GOP) is die grondslag vir die lewering van dienste aan gemeenskappe. Die Departement voorsien steun aan munisipaliteite om te verseker dat die GOPs van hoogstaande gehalte en implementeerbaar is.

Die volgende steun is voorsien:

- GOPs vir al 30 munisipaliteite is geassesseer om te verseker dat hulle implementeerbaar is. 15 Provinsiale, Nasionale Departemente en Agentskappe het aan hierdie assessering deelgeneem.
- Om die gehalte van die GOPs te verbeter, het die Departement 18 verskillende steunaksies voorsien waartydens munisipale amptenare opgelei is ten opsigte van die GOP.
- Agt munisipaliteite is ondersteun om gebieds-/buurtgebaseerde ontwikkelingsplanne te ontwikkel. Dit is verbeteringsplanne wat daarop gemik is om spesifieke behoeftes van gemeenskappe in hulle spesifieke wyke aan te spreek.
- 55 departemente en munisipaliteite is betrek by GOP-prioriteite, implementering en instelling van begroting.

## Voorbereidheid vir rampe



Die Wes-Kaap is onderhewig aan brande en vloede wat mense in gemeenskappe se lewens ontwrig. Deur die Rampbestuursentrum het die Departement die verantwoordelikheid om die voorbereidheid vir en die reaksie op rampe in die provinsie te ko-ordineer.

Die volgende is in 2013/14 bereik:

- Agt provinsiale departemente, munisipaliteite en staatssake-ondernemings is bygestaan met die ontwikkeling van rampvoorbereidheidsplanne.
- Nege reddingsinsidente en rampe is gesteun en gemonitor.
- Ses munisipaliteite is gesteun met die ontwikkeling van toepaslike Rampbestuurhoofstukke in hulle GOPs.
- Vyf munisipaliteite is gesteun met distriksassessering van risiko en kwesbaarheid.
- Die brandbestrydingskapasiteit vir oop veld is verhoog deur brand- en vloedbewusmakingsveldtogte wat plaasgevind het in ses munisipaliteite in geïdentifiseerde hoë risikogebiede. Brandbestryding vanuit die lug is ook in hoë risikogebiede voorsien.

**9**
**rampbestuur voorvalle ondersteun**

## Ons organisasie en personeel

Op 31 Maart 2014 het die Departement 345 personeel in diens gehad.

Verteenwoordiging ten opsigte van salarisbande is soos volg:

| Salarisbande | Aantal werknemers aangestel op daardie vlak |
|---|---|
| Laer vaardighede (Vlakke 1-2) | 2 |
| Geskoold (Vlakke 3-5) | 36 |
| Hoogsgeskoold produksie (Vlakke 6-8) | 241 |
| Hoogsgeskoold toesig (Vlakke 9-12) | 115 |
| Seniorbestuur (Vlakke 13-16) | 17 |

## Ons begroting

Ons het 'n totale begroting van R175 miljoen ontvang. Die Departement het R172 miljoen van die aangepaste toewysing benut, wat onderbesteding van R3 000 verteenwoordig.

### Verdeling van die begrotingstoewysing:

| Ekonomiese Klassifikasie | Totaal |
|---|---|
| Vergoeding van werknemers | R120 miljoen |
| Goedere en Dienste | R41 miljoen |
| Oorplasings & Subsidies | R8,2 miljoen |
| Kapitaalbates | R3,8 miljoen |
| Finansiële bates | R200 000 |
| **Totaal** | R175 miljoen |

### Verdeling van begroting per program:

| Program | Begroting toegewys |
|---|---|
| Administrasie (Program 1) | R31,6 miljoen |
| Plaaslike bestuur (Program 2) | R98,2 miljoen |
| Ontwikkeling en Beplanning (Program 3) | R45,6 miljoen |
| **Totaal** | R175 miljoen |